## Sagaria 1:1-6 : God se drie boodskappe aan sy volk




1. Inleiding

21 Jaar het verloop sedert onafhanklikheidswording.

- Aanvanklik was daar groot opgewondenheid.
- Almal het gedink dat die tyd van isolasie verby is.
- Almal het gedink dat die tyd wat al die nasies op hulle neergekyk het verby is.
- Almal het gedink dat die tyd van voorspoed nou aangebreek het en dat die groot moonthede baie geld sou inpomp.

Die werklikheid was dat presies die teenoorgestelde gebeur het.

- Korrupsie is aan die orde van die dag.
- Paaie was onbegaanbaar vanweë die gevaar van rowers en mense wat beroof is.
- Die infrastruktuur het uitmekaar geval.
- Plase was droog en daar was nie baie vee nie.
- Waar daar aanvanklik met groot opgewondenheid begin is met die herbou van die tempel, het daar nie veel van gekom nie. Net die fondament is voltooi.
- Mense het almal blameer. Die kerk, die politici, die wêreldpolitiek en slegste van alles hulle ouers en voorouers.
- Mense was depressief en die gevolg was dat elkeen in 'n oorlewingsstryd hom maar self besig gehou het met sy eie oorlewing en sy eie dinge.

Die datum was nie 23 Augustus  2015 nie, maar 27 Oktober 520. En in hierdie morbiede tyd kom die Here en Hy stuur 'n profeet met die naam Sagaria. Sy naam het beteken die Here onthou. En sy doelwit was om die volk te bemoedig en vir hulle te vertel dat die Here sy beloftes onthou en dat Hy wil hê dat die goeie met hulle moet gebeur. Hy moes vir die volk deur die boodskappe wat deur die Here aan hom gegee is herinner aan die goeie en wys op die mooie wat nog gaan kom. Hy moes die volk herinner dat God te midde van hierdie moeilike tye met hulle 'n nuwe begin wou maak.

Maar voor God met hulle nuut kon begin, was dit eers belangrik dat hulle die heel belangrikste boodskap moes hoor. Voor God met hulle kon begin moes hulle eers die boodskap van Sagaria 1:1-6 hoor. 'n Boodskap van drie dele.

2. **<u>Boodskap van algehele ommekeer</u>**




Die eerste deel van hierdie boodskap was 'n boodskap van algehele ommekeer. God kon nie met hulle werk as elkeen van hulle hulle eie rigting ingeslaan het nie. Hulle moes terugkeer na die Here toe. Hulle moes 'n algehele

ommekeer maak. Hulle moes tot inkeer kom. Hulle moes tot bekering kom. Dit is die kruks van die gedeelte.

Nie minder as drie keer word hierdie boodskap in die gedeelte herhaal nie. Luister ‘n bietjie na die volgende verse :

**Vers 3 : “”*En nou moet jy vir die volk sê: So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle tot My.”***

Dit was nie ‘n nuwe boodskap nie. Dis ‘n boodskap wat die Here deur die profete al aan hulle voorvaders gegee het. Daarom staan daar in **vers 4 : “*Moenie soos julle voorvaders wees nie. Die profete van vroeër het hulle aangespreek en gesê: So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle van julle slegte lewe en julle slegte dade.”***

Maar hulle het dit nie gedoen nie. Daarom staan daar in **vers 6** in die oorspronklike taal dat dit hulle ingehaal het, **want hulle het nie tot inkeer gekom nie**.

Daardie woordjie wat vir bekering of inkeer gebruik word is in al drie gedeeltes dieselfde woord. In Hebreeus is dit die woord **Shub.** Dit beteken letterlik om alles te los waarmee jy besig is en na die Here toe terug te draai. Met ander woorde jy moet ‘n 180 grade ommekeer maak. In die Nuwe Testament kry ons dat Jesus vir die ryk jongman gesê het dat hy alles moet verkoop en Hom moet volg. Maar hy wou nie, want hy het baie besittings gehad.  Vir Israel in 520 sê die Here: Los alles waarmee julle besig is en kom terug na My toe en dan kan ek met julle begin werk.

‘n Algehele ommekeer. ‘n Totale terugkeer na die Here toe. Dit is al wat vir die Here genoeg is. Nie net ‘n besoek op Sondag by sy kerk nie. Nie net ‘n uur ‘n maand by die wyksbyeenkoms nie. Nie net 20 sekondes se gebed ‘n dag nie. ‘n Algehele ommekeer.

En nou geliefdes moet u drie baie belangrike dinge van hierdie bekering verstaan. **Allereers is dit belangrik om te verstaan dat die Here nie hier praat met heidene nie**. Die Here praat met sy verbondsvolk. In vers 3 staan daar : ***En nou moet jy vir die volk sê”*** Die woord daar vir volk is die woordjie wat vir verbondsvolk gebruik word. En verder in Sagaria gebruik Sagaria die woorde Juda en Israel om die beurt om seker te maak dat niemand dink dat daar nie met hulle gepraat word nie. Met ander woorde die opdrag tot bekering word vandag aan elkeen van ons as gedooptes, as gelowiges gerig.

Verder moet u verstaan dat hierdie bekering nie net tot ‘n beter leefwyse gerig is nie. Maar hierdie opdrag tot bekering is om terug te keer na die verbondsGod. Nie minder as 6 keer word die verbondsnaam van die Here Jahwe in die gedeelte gebruik nie. Net in **vers 5 kry ons nie die woord nie.**

Derdens is dit ook belangrik om te verstaan dat hierdie ommekeer nie net ‘n toekeer tot die Here is nie nie, maar ook ‘n wegskeur van slegte dade en slegte lewens. Dit is hoekom daar in **vers 4 staan : “*Bekeer julle van julle slegte lewe en julle slegte dade”*** Alle slegte gewoontes en dinge moet gelos word.

Dit was die eerste deel van die boodskap wat die Here vir Sagaria gegee het om vir die volk te gee. ‘n Boodskap van algehele ommekeer. Nie net ‘n rigtingsverandering nie. Nie net ‘n stop nie. Maar ‘n terugkeer na die Here toe.

3. **<u>Boodskap van bestraffing</u>**




Die tweede deel van die boodskap wat Sagaria vir die volk moes gegee het, was ‘n baie donker boodskap. Dit is ‘n boodskap van bestraffing. Sagaria moes hulle daaraan herinner aan wat gaan gebeur as hulle nie tot bekering kom nie. Wat gaan gebeur as hulle aangaan met hulle eie pad weg van die Here af. Dit was nie ‘n baie moeilike boodskap nie. Die ballingskap was nog vars in hulle geheue. En dit is hoekom Sagaria vir hulle die volgende boodskap in vers 4-6 gee.

***“Moenie soos julle voorvaders wees nie. Die profete van vroeër het hulle aangespreek en gesê: “So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle van julle slegte lewe en julle slegte dade!” Maar hulle was ongehoorsaam, hulle het hulle nie aan My gesteur nie, sê die Here. Waar is julle voorvaders nou? En die profete? Leef húlle vir altyd? Het die uitsprake, die voorskrifte wat Ek my dienaars die profete laat maak het, dan nie julle voorvaders ingehaal nie? Hulle moes erken: Die Here die Almagtige het met ons gedoen wat Hy Hom voorgeneem het om met ons te doen, presies volgens ons lewe en ons dade. “***

Die gevolge van hulle onwilligheid om tot bekering te kom, was traumaties. Die toorn van die Here het hulle in totaliteit getref: (Die word vir toorn is kasaf)

- Polities het hulle hulle onafhanklikheid verloor.
- Ekonomies het hulle slawe geword.
- Hulle gesondheid is daarmee heen want daar was nie meer beskerming van die Here nie.
- Sosiaal is hulle opgebreek omdat families weggevoer was en nie meer bymekaar was nie.
- Godsdienstig het hulle die beskerming van die Here verloor, want die tempel is afgebreek.

Daar was nie een enkele fasset van hulle lewe wat nie beïnvloed is nie.

En weet u wat was die ergste? Dit is nie net die omvang van die straf nie. Maar ook die reikweidte van die straf. Die Here het nie net die ongelowiges gestraf nie, maar ook hulle nageslag. In Eksodus 20 sê die Here dat Hy die sondes van die vaders toereken aan die kinders tot en met die derde en die vierde geslag van die wat Hom haat. En hier het ons ‘n praktiese voorbeeld daarvan. Die Here het nie net die vaders gestraf nie. Maar hulle nageslagte ook. Vir 70 jaar was hulle in ballingskap. Dit is nie maar net toevallig nie. 70 Jaar was simbolies van ‘n volledige geslag met hulle nageslagte. 70 jaar het oupa, pa en kinders ingesluit. ‘n Totale geslag is uitgewis vanweë die sondes van die vaders.

Dit is hoekom daar geskrywe staan “***Waar is julle voorvaders nou? En die profete? Leef hulle vir altyd?*** Nee die toorn van God het hulle vernietig. En dit is iets wat ons nie altyd besef nie. Dat as ek sondig en as ek die Here vergeet dan het dit ‘n invloed op my kinders en my kleinkinders. Ouers wat nalaat om te

bid voor ete. Ouers wat nalaat om kerk toe te gaan. Ouers wat nalaat om die Bybel te leer en hulle kinders van die Here te leer, bring die toorn van die Here op daardie kinders. Jy kan vir jou kinders al die aardse besittings gee, maar as jy hulle nie van die Here leer nie, maak jy hulle deel van die geslag wat deur die Here gestraf gaan word.

En dit is wat Sagaria in die tweede deel van sy boodskap vir Israel wou leer. Daar is 'n boodskap van bestraffing. As jy nie tot stilstand kom nie. As jy nie daagliks jou tot die Here bekeer nie. As jy nie na die Here toe keer nie dan gaan jy gestraf word. En nie net jy nie, maar ook jou kinders en hulle kinders.

En die slegte is dat jy niemand anders daarvoor kan blameer nie. Luister weer wat staan daar in die laaste deel van **vers 6: "*Hulle moes erken: Die Here die Almagtige het met ons gedoen wat Hy Hom voorgeneem het om met ons te doen, presies volgens ons lewe en ons dade."***

'n Boodskap van bestraffing. Maar nie onregverdiglike bestraffing nie, maar verdienstelik.

Gelukkig hou die boodskap van Sagaria nie hier op nie, maar is daar nog 'n derde deel van die boodskap wat hy vir Israel moes gee.

4. **<u>Boodskap van seën</u>**




Die derde deel van die boodskap van Sagaria, is 'n boodskap van seeninge. Dit is die ligkant van die boodskap. Hierdie boodskap word baie kortliks in **vers 3 vermeld.** "***So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige, dan sal Ek weer by julle wees, sê die Here die Almagtige"***

Dit is nie verniet dat Sagaria 2 keer in die vers die woordjie Almagtige gebruik nie. Die Hebreeus vir die word is **Sibaoot.** As daardie word in die hele Ou Testament gebruik word, dan word dit altyd gebruik in die sin van God het mag oor die natuur, oor die wêreld, oor die politiek, oor die ekonomie en oor alles. Dit is dieselfde stamvorm wat Jesus in die Nuwe Testament gebruik het toe Hy gesê het dat die Vader aan Hom mag oor al die magte gegee het. Daarom kon Hy siekes genees en die bose magte uit mense uit dryf.

Die boodskap van seën bestaan dan juis daarin dat God mag oor alles het. Al die dinge wat Israel gevoel het uit beheer geraak het, nou by hulle gaan wees. Maak nie saak wat op hulle pad sou kom nie, met God die Almagtige by hulle sou hulle alles oorkom. Dit is die seën wat bekering tot gevolg sou hê. En hierdie boodskap van seëning word dan in die res van Sagaria in detail uitgespel.

Ons gaan in die volgende twee preke hoor hoedat Hy mag oor die politiek, oor die ekonomie, oor die samelewing en elke fasset van Israel se lewe sou hê.

Die gevolg van bekering is dus 'n lewe vol van seëninge.

## 5. Slot

Geliefdes terug by 2015. Daar is nie veel verskil tussen Israel in 520 en ons in 2015 nie. Net soos Israel voel ons ook bedrieg en vernederd. Ook ons voel asof al hierdie goeie intensies en voornemens en beloftes tot niks gekom het nie. Net soos met Israel voel dit vir ons asof die enigste weg is maar ‘n weg waar elkeen maar op homself aangewese is en sy geveg moet veg. Vir ons voel dit ook baie dae asof die Here ons vergeet het. Party dae voel dit selfs asof die Here ons nou eers straf vir al die verkeerde dinge wat ons gedoen het. Enige iets wat sleg is wat met my gebeur voel ek asof dit verdiende straf is en of dit nou maar so moet wees.

Maar as u so voel, is u verkeerd. Die probleem lê nie by God nie. En die oplossing lê nie in ‘n ander president of ander regerende party of verbeterde ekonomie nie. Die problem lê by ons. Ons het soos ‘n runaway train geword. Ons beweeg al hoe verder van die Here af. Ons vergeet die Here. Ons wil ons eie planne maak. Ons wil ons eie lewens lei. Ons wil ons eie ding doen.

Die Here wil nog steeds vir ons die goeie gee. Hy gun ons gesondheid. Hy gun ons finansiële gemoedsrus. Hy gun ons ons gemoedsrus oor ons kinders en wat met hulle gaan gebeur. Hy gun ons geluk. Dis alles wat Hy vir ons wil gee.

Maar Hy vra van ons een ding. Kom tot stilstand. Trap hierdie ABS brieke van jou en hou op om op jou eie pad voort te stoom. En dit is waaroor hierdie hele boodskap gegaan het. Die Here gee vir ons hierdie booskap van :

- Algehele ommekeer.
- Bestraffing as ons nie tot stilstand kom nie.
- Seëninge as ons omkeer.

Dan en dan alleen kan Hy met ons nuut begin. Die dag as ek al my kommer vir die Here gee. Die dag as ek ophou om self planne te maak. Die dag as ek ophou om my eie lewe te beplan en te lei. Die dag as ek ophou my eie pad inslaan. Daardie dag sal die Here my begin seën.

Ons antwoord lê in ‘n nuwe koning. Nie van die land nie, maar van my lewe. En daardie koning is Jesus. Elke keer wat die Here nuut begin het, het Hy begin met ‘n boodskap van bekering. Met Israel toe hulle uit ballingskap gekom het. Met Johannes die Doper aan die begin van die Nuwe Testament. Met Jesus toe Hy in die begin gesê het: Soek allereers die Koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. En met die uitstorting van die Heilige Gees toe Petrus gesê het: Bekeer julle en laat julle doop.

Niks het verander nie. Wil jy hê dat die Here jou moet seën en met jou moet nuut begin. Kom dan nou opnuut tot bekering en gee alles wat jy het vir die Here. Nie net jou kommer nie maar ook jou lewe, jou huwelik, jou gesin, jou werk, jou geld, jou begeertes. Alles.

Bekeer julle dan sal die Here die Almagtige weer met julle wees.

Amen.